Voorsitter: Chairperson: Jimmy Steele
0824508374
jimmytsteele@gmail.com
Tesourier: Treasurer: Piet Theron
0631799221
ptheron13@gmail.com
Sekretaris: Secretary: Gert Jordaan
0823372632
gertjohannes.jordaan@gmail.com

**OUTENIQUA**

# NUUSBRIEF – OKTOBER 2025

## KAAP STREEKTOERNOOI – 13 & 14 OKTOBER 2025

Die Kaap Streektoernooi is vanjaar deur Boland Sages aangebied op die pragtige Langebaan Landgoed en Gholfklub. Outeniqua Sages het die grootste span, 24 spelers, daar gehad vanweë die grootte van ons tak.



**Spanfoto**

Die formaat van spel was 'n vierbal beterbal waar 'n span bestaan het uit twee beterbal pare wat oor twee dae meegeding het. Baie geluk aan Martin en Eleonor Speelman wat die eerste dag se spel met 'n skitterende tweede plek (50 punte!) afgesluit het en weer so gemaak het op die tweede dag (48 punte).

Martin en Eleonor is goed bygestaan deur hulle spanmaats, Andrè en Nanette Grobbelaar, wat daartoe bygedra het dat hulle die kompetisie oorheers het en as wenners gekroon is (5 punte meer as die 2e plek)! Die hele Outeniqua Sages is trots op julle! Nogmaals baie geluk!

## WENNERS!!!




*Andrè Blom (President: Sages), Eleonor en Martin Speelman, Jimmy Steele (Voorsitter: Outeniqua), Nanette en Andrè Grobbelaar*

Die span het die geleentheid gebruik om ook lekker saam te kuier en verskeie lede het ook hulle gades saamgebring na die geleenthede. Hier is 'n paar fotos:












# PLETTENBERGBAAI – 21 OKTOBER 2025



Vroegoggend (07:54) het die eerste spelers op beide bowwe 1 en 10 afgeslaan vir 'n belewenis op hierdie juweel van die Tuinroete. Twee en sewentig spelers het die uitdaging aangepak en almal het die ervaring en die speeltoestande geniet. Die formaat vir die dag was ook iets nuuts. Elke speler is vooraf geloot saam met 'n ander speler volgens voorgees, om die telling vir die span van twee te bepaal (hulle het nie noodwendig saamgespeel in 'n vierbal nie). Die speler met die laagste voorgee se maat het die hoogste voorgee gehad. Almal het Individuele Stableford Punte gespeel en aan die einde is die twee se tellings bymekaar getel om die wenner van die dag te bepaal.

## UITSLAE

## WENNERS: 73 Punte!!



*Eduard van Greunen en Pieter Grobbelaar*

**2de PLEK: 72 Punte**




*Johan Botha en Louis Adams*

**3de PLEK: 71 Punte**



*Des Munro en Kevin Watkinson*

4de Paul de Villiers en Christo Kruger – 70 punte
5de Sakkie Meyer en Eleonor Speelman – 69 punte (i/t)
6de Wynand du Preez en Tim van Zeller – 69 punte (u/t)

## NAASTE AAN DIE PEN(NE)



*Johan Botha, Wynand du Preez, Malcolm Goldhill, André de Wet*

## SPOG-2'S

Baie geluk aan *Andrè de Wet, Chris Maritz en Louis Fourie*

**Geluk aan al die wenners en deelnemers!**

## KANSA FONDSINSAMELING - GHOLFDAG

Die Tak Bestuurskomitee (TBK) herinner julle graag aan die **Outeniqua Sages KANSA-dag op 11 November by die George Gholfklub**.

## Hoe kan lede help?

- Kry borge vir putjies van goedgesinde besighede teen R3 500-00 per putjie.
- Verkryging van pryse...enige pryse welkom. Ons wil ook 'n kruiwa vol goedere uitloot!
- Bespreek vroegtydig jou 4-bal sodra die uitnodiging uitgestuur word.
- Indien jy kan help met kontakte van borge sal dit ook baie waardeer word.

Kontak asb. jou naaste TBK lid i.v.m. pryse en/of borge of sommer vir die organiseerders, Pat McClintock (082 556 5875) of Jimmy Steele.

Kom ons maak hierdie jaarlikse fondsinsameling vir KANSA 'n reuse sukses. Saam is ons sterk!

| | |
|---|---|
| **VOLGENDE KOMPETISIE:** | ***11 November 2025**: George Gholfklub – KANSA Dag en Jaarafsluiting* |

**VERJAARSDAE VIR NOVEMBER 2025 – BAIE GELUK!**

| | | |
|---|---|---|
| Gert | Jordaan | 4 |
| Eddie | Hanekom | 5 |
| Hannes | Jansen | 6 |
| David | Bennett | 7 |
| Sanet | Nortjé | 18 |
| Jacques | Matthee | 19 |
| Eduard | Van Greunen | 21 |
| Hennie | Beneke | 22 |
| David | Nagel | 25 |
| Rabe | Nortje | 25 |
| Tobie | Wiese | 30 |

**SAGES WEBBLAD**

Gaan kyk gerus na die nuwe Sages Webblad wat onlangs aanlyn gegaan het. Die Grondwet en alle belangrike dokumente en inligting kan daar afgelaai word.

Vriendelike groete

U Komitee

3sixty GLOBAL SOLUTIONS GROUP
DGH DOVES • GROUP • HOLDINGS